# Die laerskoolkind in die erediens: 'n evaluering van beskouings in Afrikaanssprekende kerke in Suid-Afrika

**Prof M J du P Beukes**
**Departement PraktieseTeologie (Afd A)**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract
## The child on the elementary-school level and ecclesiastical worship

***The article investigates the role of the child on the elementary-school level in ecclesiastical worship. Two different points of view are evaluated: the traditional view of complete accommodation and simultaneous but separate meetings for children and adults respectively. The conclusion that it is not the attendance of a church service as such that is important, but the experience of worshipping, also by children. As with adults, the Holy Spirit plays a prominent role. As far as children are concerned, parents and catechists should be equipped by the church to lead children meaningfully with a view to deepen participation in the service.***

## 1. RELEVANSIE VAN DIE TEMA

Volgens Capon (1967:1) word in die kerk die meeste teen kinders onder 13 jaar gediskrimineer. Hierdie diskriminasie kom veral in die erediens na vore deurdat daar hoegenaamd nie met hulle rekening gehou word nie. In die meeste gemeentes word hulle tydens die erediens oor die hoof gesien. Hulle teenwoordigheid maak geen verskil aan die inkleding van die erediens nie. Alles in die erediens is hoofsaaklik op die volwassenes gerig. Die gevolg is dat kinders, veral in die laerskoolfase, nie in die erediens aangespreek word nie. Hulle raak verveeld en 'n gevoel van belangeloosheid



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en onbetrokkenheid ontstaan by hulle. Dit lei daartoe dat kinders daaraan gewoond raak om gedurende die erediens af te skakel en met hulle eie gedagtes besig te raak.

> Indien die verveling voortduur en die afskakeling 'n gewoonte word, is die volgende stap dat die kind afsydig en vervreemd raak van die erediens. Dit kan oplaas lei tot 'n negatiewe gevoel en selfs weerstand en verset teen die erediens en die prediking. Kinders word dan onder die prediking uit die kerk gepreek, en word in die erediens van die erediens vervreem.
>
> (Barnard 1998:352)

'n Oplossing vir die probleem is deur gemeentes na verskeie kante gesoek. In sommige gemeentes word aandag aan die probleem gegee deur gereeld kinderdienste te hou waar hoofsaaklik op die laerskoolkinders gefokus word. Ander gemeentes hou afsonderlike byeenkomste vir kleuters, terwyl die erediens aan die gang is. In sommige gevalle geskied dit elke Sondag en in ander gevalle net een of twee keer per maand. In groter gemeentes, waar daar meer as een predikant is, word twee eredienste in die oggend gehou. Tydens een van die eredienste word uitsluitlik gefokus op die laerskoolkinders en hulle ouers. In sommige gevalle word 'n gedeelte van die preek opsommend vir die kinders op hulle vlak weergegee nadat vir die volwassenes gepreek is. In baie gemeentes word die laerskoolkind in die gewone erediens geakkommodeer en die predikant doen besondere moeite om die erediens op so 'n wyse in te rig dat die laerskoolkind sover as moontlik betrek word. Baie predikante en gemeentes staan egter afsydig teenoor hierdie saak en gee voor dat dit nie 'n probleem is nie.

In 1989 het J A Beukes navorsing gedoen oor die erediens van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hy het onder andere tot die gevolgtrekking gekom dat kinders onder die ouderdom van twaalf jaar nie die prediking van die kerk verstaan nie en in die algemeen nie by die erediens as geheel betrokke is nie (NHKA 1989:313). Na aanleiding van hierdie verslag is tydens 'n predikantevergadering van die kerk aandag aan hierdie saak gegee. Baie gedagtes is uitgespreek, maar geen eenstemmige besluit is geneem nie. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1992 is opdrag gegee dat 'n studie in hierdie verband onderneem moet word. Hierdie opdrag is verwys na die Kerk se Raad vir Prediking en Erediens.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

In hierdie studie sal veral gekyk word na verskillende beskouings in die Afrikaaanssprekende kerke in Suid-Afrika oor die laerskoolkind in die erediens. Op teologies-wetenskaplike en pedagogies-didaktiese vlak sal gepoog word om verskillende standpunte te evalueer en moontlike aanbevelings te maak.

## 2. VERSKILLENDE BESKOUINGS EN BENADERINGSWYSES

### 2.1 Die kinders in 'n afsonderlike kerk

Doris A Freese het geoordeel dat kinders nie net in 'n afsonderlike erediens betrek moet word nie, maar dat hulle tot op die ouderdom van twaalf jaar 'n afsonderlike kerk moet vorm, naamlik 'n kinderkerk. In haar strategie ken sy plek toe aan die erediens as deel van haar totale strategie. Sy gee die volgende redes vir haar beskouing:

- The first reason has to do with the child himself. He is simply not an adult. He requires activities different from those of an adult.
- A second reason for having a church time geared to children lies in the nature of the adult service itself. Any minister will admit that the services focuses primarily on adults and their needs and their concerns. The entire service assumes adult intellects, adult participation and adult response.

(Freese 1982:11)

Sy beskou die kinderkerk as "a program geared to the child's level so that he truly worship the Lord with understanding and has opportunity to actively participate" (Freese 1982:10). Die kinderkerk moet op 'n bepaalde wyse ingerig word. Die kinders kom in 'n grootgroep bymekaar, die voorganger bied die sentrale Bybelboodskap op 'n baie interessante wyse aan, en elke ouderdomsgroep kry daarna 'n opdrag wat hulle in kleiner groepe, onder leiding van 'n volwassene, moet verwerk. Die kleingroepsessie is 'n leergeleentheid waar bepaalde doelwitte moet realiseer, asook 'n oefensessie met die oog op die grootgroepgebeure daarna. In die grootgroep vind die "worship" plaas wat op so 'n wyse ingerig word dat elke kind op sy of haar ouderdomsvlak aangespreek word.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2.2 Kinders in 'n aparte erediens naas dié van volwassenes

Op Suid-Afrikaanse bodem het veral Cornelia Roux navorsing gedoen oor die "effektiwiteit van Woordbediening aan kinders met die oog op geloofsgroei te midde van 'n reële veranderde wêreld" (Roux 1986:6). Na ondersoeke van die kind se religieuse potensiaal en Woordbediening aan kinders in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, stel sy die volgende werkhipotese as haar ideaal: Die daarstel van 'n hermeneutiese raamwerk vir Woordbediening aan kinders waar die behoeftes van kinders ten volle in ag geneem word (dit is behoeftes wat voortspruit uit hulle religieuse potensiaal, ontwikkeling en ervaring) om sodoende Woordverkondiging aan kinders te optimaliseer en by te dra om die afstandsprobleem te oorbrug (Roux 1986:19).

Roux neem baie sterk standpunt in teenoor Ronald Goldman. Goldman se basiese uitgangspunt is dat alle religieuse denke voorafgegaan word deur formele denke. Hy deel kinders in drie fases in: die voor-religieuse fase 0-5 jaar, die sub-religieuse fase 7-11 jaar en die persoonlik-religieuse fase 12 jaar en ouer. Volgens hom het kinders in die voor-religieuse fase geen gevoel vir of denke van godsdiens nie. Hy oordeel dat selfs die kinders in die sub-religieuse fase nog steeds nie oor die religieuse of godsdienstige kategorieë beskik om met godsdiensonderrig te begin nie. Slegs kinders ouer as twaalf jaar is volgens hom in staat om "normaal" en formeel oor God te dink (Roux 1988:19).

In aansluiting by Sofia Cavaletti, Berryman en Montessori oordeel Roux dat kinders van kleins af 'n religieuse potensiaal het. Samevattend stel sy:

- Jong kinders (3-6 jaar) kan, alhoewel hulle nog 'n sterk egosentriese houding teenoor godsdiens openbaar, "denke" en 'n "gevoel" teenoor godsdiens ontwikkel.
- Kinders van 7-13 jaar openbaar reeds 'n verhouding met God, waarin God byvoorbeeld sterk as 'n "vriend" figureer.
- Kinders se ervaringswêreld is baie belangrik vir hulle religieuse ontwikkeling en veral ook vir die uitbouing van hulle religieuse potensiaal.
- Die kind, as 'n Godgegewe gawe, openbaar reeds van kleins af 'n besondere verhouding teenoor God en kan daarom ook aanspraak maak op die erkenning daarvan deur volwassenes.
- Die kind kan aanspraak maak op bevatlike korrekte Bybelse stof, aangebied in 'n ondersteunende atmosfeer met 'n positiewe benaderingswyse.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

- Die kind behoort in die erediens korrekte Bybeltaal vanuit die Skrif te ontvang om verdere geloofsgroei te bevorder.

Roux stel deur middel van 'n hermeneuties-empiriese analise in vyf Nederduitse Gereformeerde gemeentes vas dat predikers in hierdie gemeentes oor die algemeen nie 'n hermeneutiese raamwerk vir kinderprediking gebruik nie, en waar dit wel gebruik word, word of die teks of die kind of albei geweld aangedoen (Roux 1988:46). Na die vasstelling van hierdie probleem, ontwerp sy haar sogenaamde "kwadrantmodel". Dit is 'n hermeneutiese model waarin die kind optimaal in Woordbediening geakkommodeer word en die afstandsprobleem tussen teks, prediker en kind tot die minimum beperk word (Roux 1988:103). Uit Roux se opmerkings oor die radioprogram "Oop Gesprek" het dit duidelik geblyk dat sy oordeel dat haar voorgestelde model slegs tot sy volle reg kan kom in afsonderlike eredienste vir kinders (Oop Gesprek SAUK 1989).

## 2.3 Kinders in die erediens saam met die res van die gemeente

Veral Vrijlandt (1987:338), Coetzee (1984:8), Barnard (1988:123) en Groenewald (1989) pleit vir die behoud van alle kinders in die gewone erediens. Hulle maak veral van teologiese argumente gebruik om afsonderlike eredienste vir kinders af te wys. Veral Groenewald het 'n groot bydrae in hierdie verband gelewer deurdat hy sy proefskrif aan hierdie tema gewy het.

Samevattend oordeel Groenewald soos volg oor die Bybelse gegewens in hierdie verband:

> Kinders is van die begin af aanvaar as deel van die gemeente, hulle is gedoop en onderrig as kinders van die verbond, hulle is betrek en het deel gehad aan die amptelike godsdiensoefening. So is hulle dan ook kulties begelei vanaf geboorte en daar is geen bewys dat hulle op enige lewensstadium by enige kultiese handeling uitgesluit is nie. Die verbond het natuurlik hierin 'n groot rol gespeel. Dit was korporatief en inklusief van aard en was sterk aan die kind as nageslag en erfgenaam van God se verbondseën, gebind. Dit het egter ook die verbondsverpligtinge op die kind gelê. Hy moes dit getrou nakom en dit kon net geskied met getroue bege-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> leiding deur die volwassene. Dit het uit die aard van die saak ook deelname deur die kind beteken. Nêrens is "aparte" deelname aan die godsdiens geskep nie.
>
> (Groenewald 1989:28)

Groenewald toon ook histories aan dat die meeste kerke deur die eeue heen kinders van alle ouderdomme in die gewone erediens geakkommodeer het.

## 3. EVALUERING

Met die oog op evaluering van genoemde beskouings oor die laerskoolkind in die erediens, sal die volgende aspekte geëvalueer word:

- Die plek van die kind in die erediens, Bybels en histories gesien.
- Die wese van die erediens met die oog op die kind se betrokkenhei..
- Die kind in die erediens, psigologies en pedagogies gesien.

### 3.1 Die plek van die kind in die erediens teologies en histories gesien

Volgens die Ou Testament is kinders 'n integrale deel van God se verbondsvolk (Deut 29:10-12). Binne die raamwerk van die verbond het die huisgesin gewoonlik as 'n eenheid gefunksioneer (Venter 1989:1). Kinders het ten volle deel gehad aan al die verbondseëninge, maar ook aan die verbondsverantwoordelikhede (Viljoen 1989:3). Dit was veral die ouers se verantwoordelikheid om laasgenoemde vir hulle te leer.

Die verbond word gewoonlik gebruik as basis vir die argument dat kinders saam met die volwassenes in die erediens moet vergader.

> God werk nie slegs met los enkelinge nie, maar met die mense in hulle verbande, met die opeenvolging van geslagte van die gelowiges. Die kind leef in die dampkring van die verbond, met al sy beloftes, seëninge en verpligtinge. Die verbond is verder die grond en die basis vir die erediens. In die erediens word die verbond vernuwe en herbeleef, die beloftes van die verbond word steeds toegesê en gelowiges word opgeroep om daaruit te lewe. Die kind is deel van die verbond, die erediens geskied op grond

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> van die verbond en vernuwe die verbond. Nou spreek dit vanself dat die kind moet deelneem aan die erediens.
>
> (Barnard 1988:357)

Die kind se inklusiwiteit in die Ou-Testamentiese erediens is volgens Da Silva (1996:1) nie so vanselfsprekend nie.

> Die kinders was net soos hulle ouers aan die pligte en die verantwoordelikhede van die verbondsvolk gebonde (Gen 17:9-10; Eks 20:12). Die Ou Testament gee egter geen aanduidings van enige uitwerking wat hierdie voorskrifte gehad het ten opsigte van kinders in die praktyk van die erediens nie. Die enigste aanduiding in die Ou Testament van 'n kind wat God in die tempel gedien het, is Samuel wat deur sy moeder aan God afgestaan is. Die Ou Testament praat nie verder oor kinders se betrokkenheid by die tempeldiens voor of na die ballingskap nie.

Hierdie situasie was waarskynlik die gevolg van die feit dat die Joodse skrifgeleerdes hulle geheel en al as onmondiges beskou het en hulle gevolglik van die tempeldiens, en later ook van die sinagogediens uitgesluit het (Louw 1973:39).

Hoewel kinders op die agtste dag na hulle geboorte besny was as teken van hulle inlywing in die verbond met God (Luk 1:59; 2:21), was die algemene beeld gedurende die Nuwe-Testamentiese tyd ten opsigte van die kind in die erediens nog steeds oorwegend negatief. "Op hulle eie het hulle geen funksie tydens die erediens vervul nie" (Van Eck 1996:1). Jesus Christus se optrede het egter 'n nuwe wending gebring. Hy het veral baie sterk standpunt ingeneem teenoor die Joodse skrifgeleerdes en Fariseërs. Hulle teologie is gekenmerk deur 'n baie sterk eksklusivisme. Hulle het vanuit die begrip "heilig" geoordeel dat verminktes, gestremdes en heidene nie vir God aanvaarbaar is nie, en is derhalwe ook nie toegelaat om in die kultiese ruimte waar God woon, die tempel of die vergadering van die heiliges, te kom nie. Selfs vrouens en kinders was beperk met betrekking tot hulle toegang tot die tempel (Van Staden 1991:6).

Hierdie ostrasering van kinders en ander persone is later uitgebrei om feitlik alle aspekte van die lewe te raak. In feite kom dit daarop neer dat die Jode God se teenwoordigheid gereguleer het en só beperk het tot sekere plekke en sekere persone (Van Aarde 1990:6). Hoewel daar in die Ou Testament op enkele plekke reeds sprake

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

is van die opheffing van hierdie ostrasering, was dit Jesus Christus self wat dit eers ten volle deurbreek het. Volgens Van Aarde (1990:8) is daar in die Tweede Tempelperiode reeds begin met 'n proses wat ons die verruiming van die tempel kan noem. Nehemia moes die herboude mure van Jerusalem wy as aanduiding dat nie net die tempel meer heilig is nie, maar die hele stad. In sekere gedeeltes van die Kronistiese vertellings is dit duidelik dat die eksklusivisme prysgegee is. Vrouens en kinders kon nou deel wees van die volksvergadering (Esra 10:1; Neh 8:2-17). In die Tussentestamentêre literatuur is daar heelwat voorbeelde van hoe mense buite die tempel om met God versoen kan word. Die sprekendste voorbeeld is die literatuur van die Qumram-gemeenskap. Volgens die Nuwe Testament het Jesus nie soos die Esseners sy rug op die tempel as woonplek van God gedraai nie, maar Hy het die tempel verruim, 'n koninkryk verkondig wat God as orals teenwoordig voorgestel en elke vorm van eksklusivisme opgehef. Jesus gebruik kinders as eksemplaar van hoe gelowiges behoort te wees (kyk Matt 21:15). Van Aarde (1990:9) oordeel dat die verbond vir die kerk in die lig van die Christus-gebeure steeds baie belangrik is.

> Dit lyk vir my dat die evangelie van Jesus Christus steeds die kind in relasie van die ander in die verbondsgemeenskap, in die besonder die ouers, sien. Maar die kind se verhouding met God het 'n persoonlike direktheid verkry. Aan die ander kant wil die doop as verbondsteken die genadeboodskap beklemtoon dat die kind van die begenadigde ouer op geen wyse minder kind van God is as die ouer self nie.

Van Eck (1996:1) oordeel dat, behalwe die vermelding dat Jesus 'n totale kentering ten opsigte van die kind se posisie voor God gebring het, die Nuwe Testament geen verdere aanduidings bied van kinders se betrokkenheid in die erediens nie.

Groenewald (1989:36) stel dat alhoewel kinders aanvanklik slegs deur die ouers godsdienstig onderrig is, hulle van die vroegste tyd af ten volle betrokke was by die gemeentelike erediens. Vanuit die kinders se betrokkenheid by die doop en die Nagmaal, oordeel beide Louw (1973:10) en Aalbers (1971:18), net soos Botterman (soos aangehaal deur Groenewald 1989:38), dat die kinders "volwertiger Teil der Kirchengemeinde angesehen wurden". Die Rooms-Katolieke Kerk se sakramentalisme het egter daartoe aanleiding gegee dat kinders van die Nagmaal geweer is en al hoe

 Digitised by the University of Pretoria, Library Services 

minder by die erediens betrokke was. Op baie plekke het die gebruik ontstaan om die gemeentelike erediens te sien as deel van die kinders se kategese (Beukes 1983:166).

Vir beide Luther en Calvyn was dit belangrik dat kinders ook die Woord van die Here sou hoor. Beide betrek die kinders veral by die kategismusprediking. Volgens H D A du Toit was kategismusprediking oorspronklik vir die kinders bedoel (Groenewald 1989:52). Onder leiding van Swingli is daar elke Sondag tussen elfuur en twaalfuur 'n erediens net vir kinders in Grösmunster gehou, en onder sy invloed het kinderdienste in Switserland algemeen geword (Storm 1996:1). Kinderdienste het oor die algemeen op 'n vroeë stadium ook in die Lutherse kerke voorgekom. Tot met die Sinode van Dordtrecht (1618-1619) was die algemene gebruik om in die middag kategismusprediking te hou en kinders in die besonder is veral tydens hierdie eredienste in die oog gehou. 'n Belangrike reël vir die middagpreke was: "behoorlijk kort en voor het begrip der volwassenen en der jongelui gepast" (Hagenbeek 1947: 32). Volgens Groenewald (1989:61) het veral die Piëtiste en die Rasionaliste met hulle klem op die gevoel en die verstand, ruimte vir kinders geskep in eredienste naas dié van volwassenes.

In Suid-Afrika het afsonderlike kinderdienste in die Nederduitse Gereformeerde Kerk veral in die Vrystaat algemeen voorgekom, maar in die ander provinsies baie sporadies. Sedert 1966 het hierdie kerk 'n diepgaande studie oor die kind in die erediens gedoen. Oor die algemeen is daar standpunt teen afsonderlike kinderdienste ingeneem. Veral die teologiese fakulteite het onder leiding van H D A du Toit en D W de Villiers dié kerk voorgegaan in hulle afwysing van afsonderlike eredienste vir kinders. In 1978 het hulle Algemene Sinode besluit om hierdie saak af te wys en in 1986 is dié besluit herbevestig. Kernaspekte van die besluit is die volgende:

- Dat huisgesinne soveel as moontlik aangemoedig moet word om as 'n eenheid in die huis van die Here te kom en ook, waar immers moontlik, in dieselfde bank moet sit.
- Dat eredienste so ingerig en die prediking so aangebied moet word dat rekening gehou word met al die ouderdomsgroepe in die gemeente.
- Dat aparte kinderdienste, waar vir die kinders afsonderlik en gelyktydig met die erediens of in die plek van die erediens gepreek word, nie goedgekeur kan word nie (Ned Geref Kerk 1978:448-449).


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hoewel die besluit aanvaar is om nie elke Sondag afsonderlike eredienste vir kinders te hou nie, is daar tog ruimte gelaat om dit van tyd tot tyd te doen.

- Dat daar by geleentheid (soos bv met die opening of die afsluiting van die kategese of met die biddag vir die kategese en/of die studerende jeug) 'n erediens, waarin die klem van die Woordbediening in die besonder op die kinders val, gehou moet word. Dit kan 'n gesinsdiens wees waar daar dan in die teenwoordigheid van die ouers en die hele gemeente oor 'n teks of 'n Skrifgedeelte gepreek word waarby die kinders besondere belang het. Dit kan ook die vorm van 'n leerkerk aanneem waar oor basiese waarhede gepraat word.
- Dat mits praktiese omstandighede dit onmoontlik maak vir kinders om die gewone Pinksterbyeenkomste by te woon, gemeentes versoek word om dit baie sterk te oorweeg om twee reekse kinderbyeenkomste tydens Pinkster (vir kleiner en groter kinders) te hou (Ned Geref Kerk 1978:448-449).

By elkeen van die genoemde sinodes is naas die aanvaarde verslag, ook 'n minderheidsverslag ingedien waarin wel gepleit is vir afsonderlike eredienste vir kleiner kinders. Veral opvoedkundiges het hier prominent na vore getree en gepleit vir afsonderlike eredienste vir die jonger kinders. Hoewel dit nog steeds die algemene beleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is om kinders in die gewone erediens saam met die ouers te akkommodeer, het dit feitlik 'n algemene gebruik in dié kerk geword om veral vir kleuters 'n afsonderlike erediens te hou terwyl die gewone erediens in die oggend aan die gang is.

In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is dit algemene beleid om kinders saam met die ouers in die gewone eredienste te akkommodeer. In verskeie gemeentes van die kerk word daar egter van tyd tot tyd afsonderlike eredienste vir die kinders gehou, bekend as die sogenaamde kinderdienste. Tydens hierdie dienste word die laerskoolkinders hoofsaaklik as die teikengroep beskou. Ouer predikante beweer dat hierdie dienste vroeër feitlik 'n algemene verskynsel in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was (gesprek met prof P S Dreyer en ds J J Smit). In die Kerkordes tot 1976 word melding gemaak van die feit dat kerkrade self kan besluit


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

om "besondere dienste te hou vir die kinders, die jeug en die wat buite die kerk lewe" (NHKA 1976:57). In enkele gemeentes van die Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika word afsonderlike byeenkomste vir kleuters gehou terwyl die erediens aan die gang is. In sommige van hierdie gemeentes gebeur dit elke Sondag. In ander gebeur dit tweeweekliks en by ander eenkeer per kwartaal.

## 3.2 Die wese van die erediens met die oog op die kind se betrokkenheid

### 3.2.1 God is die middelpunt van die erediens

Die erediens is 'n saak van ontvang en van gee (Beukes 1993:173). Die ewige en almagtige God kom en bemiddel sy heil in Christus aan sy gemeente deur die werking van die Heilige Gees. Een van die kernvrae rondom die kind se deelname aan die erediens sal daarom wees: Kan die kinders ontvang wat God vir hulle in die erediens wil gee? Die tweede vraag is nie hoe kinders in die erediens besig gehou of behaag kan word nie, maar hoe God in die erediens deur kinders geprys en gedien kan word.?

Die erediens is heilsbemiddelend van aard. 'n Mens kry deel aan hierdie heil deur die geloof in Jesus Christus (Heidelbergse Kategismus, Vraag en antwoord 65). Dit gaan in die erediens om baie meer as net die kognitiewe verstaan. Daar is ook ander, momente. Daar is ook die bewuswording van die teenwoordigheid, genade en liefde van God. Daar is die belewenis van 'n ontmoeting met Hom en die wete van vryspraak van die sonde.

> Die diepe geheim van God en sy werk wat in die erediens verwoord en gevier word, en wat in die prediking op baie maniere verduidelik word, kan die kinders nie verstaan nie, maar hulle word daardeur geraak, verander en opgebou. Daarom, al verstaan kinders nie alles nie, het hulle 'n aanvoeling van egte geloof, liefde en lewe, van warmte en bevryding. Al kan hulle nie alles verstandelik verstaan nie, kan hulle dit tog eksistensieel beleef en kan God met oorgawe liefhê en Hom prys en aanbid.
>
> (Barnard 1988:59)

Hoewel hierdie affektiewe aspekte wat deur Barnard genoem word, baie belangrik is, is in die Reformatoriese kerke nooit die kognitiewe en affektiewe los van mekaar gesien nie. Beide dra gewig, veral as dit gesien word in die lig van die Hei-


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

delbergse Kategismus se beskrywing van geloof. Volgens die Kategismus, Vraag en antwoord 21, is geloof kennis en vertroue. Dit raak die verstand en die hart. So gesien, is belewenis en gevoel nie genoeg nie. Dit beteken dat die gebeure in die erediens van so 'n aard behoort te wees dat die kinders dit positief sal beleef en ervaar, en dit ook sal verstaan. Die eerste prediking na die uitstorting van die Heilige Gees was juis in die taal van elkeen wat teenwoordig was (Hand 2:6-8). Dit was verstaanbare verkondiging vir elkeen van die luisteraars.

Naas geloof, neem dien (*diakonia*) 'n besondere plek in die erediens in. God "bedien" die gemeente hier met Woord en Gees. Deur hierdie koms van God na die mens toe kom die mens ook in beweging na God toe. Die gelowiges kom vier fees deur God te loof, te dank, te aanbid en só te dien vir die verlossing en genade wat hulle ontvang het. Hierdie diens van die mens aan God in die erediens behoort van so 'n aard te wees dat die kinders ten volle daarby betrokke is. Hulle moet hierdie diens ook beleef en verstaan.

Die gelowiges dien mekaar ook in die erediens. Hier kry veral die ouers besondere geleentheid om dienswerk teenoor hulle kinders te verrig. As verbondskinders is hulle geroepe om hulle kinders tydens en na die erediens te begelei deur die boodskap van die prediking en die betekenis van elke liturgiese element met hulle te bespreek, en waar moontlik, te verklaar (Richards 1975:218). Die kinders se teenwoordigheid saam met hulle ouers in die erediens bied veral geborgenheid aan hulle. Vir die kinders is dit sekuriteitgewend om te ervaar dat hulle en hulle ouers die Here saam kan dien (Beukes 1993:174).

### 3.3 Die kind in die erediens, psigologies-pedagogies gesien

Dit is veral vanuit die geledere van die opvoedkundiges dat daar deurlopend pleidooie gelewer word vir die akkommodering van kinders in die erediens. Opvoedkundiges is redelik eenstemmig dat daar nie gelyktydig vir alle ouderdomsgroepe sinvolle aanbiedings gegee kan word nie. In die geval van die erediens is dit ongelukkig elke keer die kleiner kinders wat nie betrek word nie (Van Loggerenberg 1982:37).

Kinders het 'n baie groot behoefte aan geborgenheid op hulle lewensgang. Hierdie geborgenheid word veral geskep deur ouers en liturge wat werklik vir hulle omgee. 'n Gemeente wat 'n gees van kind-vriendelikheid adem, dra verder daartoe by om die geborgenheid te vergroot. 'n Warm atmosfeer en geborgenheid alleen is egter nie vol-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

doende om die erediens tot 'n gebeurtenis te maak wat die kleiner kinders as positief beleef nie.

Hoewel die kleiner kinders volwassenes in wording is, eksisteer hulle ten volle en is selfverwerking vir hulle noodsaaklik. Met die oog op laasgenoemde is singewing veral vir hulle absoluut noodsaaklik (Pretorius 1972:115). Kinders in hierdie lewensfase vra daarom na gebeurtenisse, ook na eredienste wat hulle beleef as sinvol vir my. Slegs dít wat hulle as kognitief en affektief positief beleef, en veral dít waarby hulle psigomotories betrokke raak, is vir hulle sinvol. Dít wat vir hulle sinloos is deurdat die genoemde domeine van hulle menswees nie aangespreek word nie, gaan vir hulle verlore afgesien van die hoeveelheid herhalings daarvan (Olivier 1985: 251). As kinders aanhoudend eredienste bywoon waarby hulle nie betrokke is nie, bou hulle 'n negatiewe ervaring daarvan op. Die kleiner kinders se ervaring van baie van die eredienste is negatief omdat hulle feitlik niks daarvan verstaan nie, dit vervelig vind, deur hulle ouers stilgemaak word en dikwels met straf gedreig word. Volgens Van Loggerenberg (1982:37) is die kleiner kinders se aanhoudende negatiewe belewenis waarskynlik die oorsaak waarom baie kinders op 'n later stadium geheel en al negatief staan teenoor eredienste in die algemeen. Die vraag word ook gevra of ons nie miskien ons kinders daaraan gewoond maak om in die gewone eredienste nie te luister nie. Hulle word verplig om daar te wees, maar hulle dink nie dat dit regtig nodig is om aandag te gee nie.

Kinders in hulle vroeë kinderfase bevind hulle in 'n unieke en waarskynlik dié belangrikste ontwikkelingsfase van hulle lewe (Beukes 1983:132). Hulle boots veral dít wat vir hulle aangeneem is na, en maak dit deel van hulle leefwêreld. Hulle oordeel van wat goed en reg is, is ook sterk gekoppel aan dít wat hulle as aangenaam en sinvol beleef. Hulle stel hoofsaaklik in die konkrete belang. Slegs dít wat betrekking het op die hier en die nou, spreek hulle aan. Hulle fokus op die bekende en nie op die belangrike nie. Hulle dink konkreet en abstrakte begrippe spreek hulle nie aan nie. Tydvakke speel geen rol in hulle lewe nie. Hulle kognitiewe bevattingsvermoë is nog baie laag, en spel is by uitnemendheid die leerwyse wat hulle betrokke maak en van die hoogste resultate toon (Olivier 1982:7).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 4. GEVOLGTREKKINGS

Bybels-teologies kan 'n klinkklare antwoord nie sonder meer gegee word oor die plek van die kind in die erediens nie. Uit die studie oor hierdie tema het die volgende na vore gekom:

- Deur die koms van Jesus Christus is daar by God geen onderskeid tussen volwassenes en kinders nie. Vir die kerk beteken dit dat daar net soveel erns met kinders as met volwassenes gemaak behoort te word. Hulle behoort daarom ten volle deel te hê en deel te neem aan alles wat in die gemeente plaasvind. Hulle mag nie tweederangse lidmate wees wat maar afgeskeep kan word nie.
- In 'n Reformatoriese kerk is die erediens die kern, die hart van alle aktiwiteite. Dit is nie bloot die samekoms van mense nie, maar 'n ontmoeting met God. Die belangrikste vraag vir die kerk behoort daarom nie te wees of die kinders in die amptelike erediens moet wees of in 'n ander ruimte gelyktydig met die erediens nie en of hulle in 'n kinderdiens geakkommodeer kan word nie, maar of hulle met God in ontmoeting tree. Vir die Reformatore was nie net die suiwer verkondiging van die Woord belangrik nie, maar ook die regte verstaan daarvan. Die erediens mag daarom nie 'n grootheid op sigself word nie.
- Die kinders van die kerk het deel aan die verbond met God. Die verbond mag net so min as die erediens 'n grootheid op sigself word. Kinders se deel wees van die verbond beteken nie noodwendig dat hulle tydens elke erediens saam met hulle ouers fisies in die erediens teenwoordig moet wees nie. Dit gaan ten diepste om die ontmoeting met en die verheerliking van God, en nie om 'n bepaalde gebou of ruimte op 'n bepaalde tyd nie. Met die oog hierop, is die verbond en die erediens slegs 'n middel tot hierdie doel en nie 'n doel op sigself nie. Daarom mag die fisiese eenheid van die gesin in dieselfde lokaal tydens 'n erediens ook nie verabsoluteer word nie. Die eenheid tussen ouers en kinders is per slot van sake nie net 'n fisiese eenheid nie, maar tegelyk 'n geestelike en geloofseenheid.
- Histories gesien, is die mees algemene gebruik van Reformatoriese kerke om kinders saam met die ouers in alle eredienste te akkommodeer. Die Reformatoriese Kategismuspreke was egter eredienste wat aanvanklik in die besonder bedoel was vir die kinders van die kerk en was ook in 'n groot mate



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

volgens die didaktiese vormgewing van die tyd ingerig. Hoewel hierdie verkondiging/onderrig primêr op die kinders gefokus was, was die ouers ook teenwoordig en daarby betrokke. Tans word kinders nog steeds deur baie Reformatoriese kerke uitsluitlik saam met die ouers in dieselfde erediens geakkommodeer. Daar is egter baie Gereformeerde kerke wat ook sogenaamde kinderdienste hou waar baie sterk op die behoeftes van die kleiner kinders gefokus word en op 'n wyse aangebied word waar ten volle rekening gehou word met hulle wyse van leer en hulle bevattingsvermoë. Daar is ook Gereformeerde kerke wat die kleuters in 'n aparte byeenkoms akkommodeer in plaas van die tradisionele moederskamer. Vir hulle word dan aktiwiteite aangebied wat na vorm en inhoud op hulle vlak lê.

- Dit is vandag 'n algemene uitgangspunt van die Praktiese Teologie dat die funksies van die kerk die bedieninge voorafgaan (Louw 1992). Die bedieninge word gesien as middele waarmee die funksies tot uitvoering gebring word. Prakties-teologies gesien, is die belangrikste dat die kind wat ten volle lidmaat van die kerk is, sal deelneem aan al die funksies van die kerk, naamlik viering, deling, betuiging, onderrig en diens. Die erediens is op sigself nie 'n funksie van die kerk nie, maar 'n middel om daardie doel te bereik.
- Psigologies en didakties gesien, vra die besondere aard en behoeftes van die kleiner kinders hantering op 'n vlak en 'n wyse wat vir hulle kognitief, affektief en psigomotories "vatbaar" is. In dieselfde asem sal gesê moet word dat dit die Heilige Gees is wat die ontmoeting met God in die erediens moontlik maak en verder dat geloofsoordrag ook deur sosialisering en modelering plaasvind.

In die lig van teologiese, historiese en psigologies-didaktiese gegewens behoort die kinders so geakkommodeer te word dat hulle ten volle deel het aan al die funksies van die gemeente, naamlik viering, betuiging, onderrig, deling en diens. Hierdie deelhê moet sodanig wees dat dit sover as moontlik binne die familiale bande plaasvind en dat die eenheid van die gemeente sover as moontlik gehandhaaf word. Die ideaal is daarom om dit tydens die gewone eredienste te laat realiseer. Gemeentes behoort egter die vryheid te hê om dit soms ook op ander wyses te laat geskied mits dit nie die besondere aard van die Kerk in gedrang bring nie. Ouers en kategete

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

behoort toegerus te word om die kinders van die gemeente só te begelei dat hulle die erediensgebeure as sinvol sal beleef. Hulle sal veral vir die kinders moet leer wat die verskillende erediens elemente beteken en hoe om daaraan deel te neem. Die atmosfeer van die eredienste behoort ook sodanig te wees dat dit vir die kinders 'n tuiste bied.

## Literatuurlys


Aalbers, B J 1971. *Kinderen aan het avondmaal?* Kampen:Kok.

Barnard, A C 1988. Erediens en prediking met die oog op die bekering van kinders. *NGTT* 29(4).

Beukes, J A 1988. Gaan ons nog kerk toe. Ongepubliseerde ondersoek binne NHKA met die oog op die Algemene Kerkvergadering van 1989.

Beukes, M J du P 1983. *Kategese: 'n Handleiding vir kategete*. Pretoria: KITAL.

— 1987. *Vernuwing in die erediens*. Pretoria: NG Kerk Uitgewers. (Praktiese Teologie in Suid-Afrika 3.)

— 1993. *Erediens, I*. Pretoria:KITAL.

Capon, A & Capon, E 1967. *The church and the child towards a Christian upbringing*. London: Hodder & Stoughton.

Coetzee, J J 1987. Kind in die erediens. *Die Hervormer* Jaargang 76(4).

Da Silva, A A 1996. Die kind in die erediens, vanuit die Ou Testament beskou. Pretoria: ongepubliseerd.

Freese, D A 1982. *Childrens church a comprehensive how-to*. Chicago: Moody Press.

Groenewald, D H 1989. *Die kinderdiens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met besondere verwysing na die kinderpreek*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Hagenbeek, D S A 1947. *De moderne leerkerk, nieuwe richtlynen voor het catechetisch onderwijs*. Kampen: Kok.

Louw, J D 1973. *Die plek van die kind aan die verbondsdis*. BD-skripsie, Universiteit van Pretoria.

— 1992. Die ontwerp van 'n Prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeente-bou. *Praktiese Teologie in SA* 7(2), 119-136.

Nederduitse Gereformeerde Kerk 1978. Notule Algemene Sinode. Pretoria: NGK.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Oberholzer, J P 1986. *Die Heidelbergse Kategismus*. Pretoria:KITAL.

Olivier, S E 1982. Die kind in kategese. Ongepubliseerde referaat, Predikantevergadering NHKA.

Olivier, M 1985. Die kind in die kategese, in Smuts, A J (red), *Die woord aan die werk*. Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Pretorius, J M W 1972. *Grondslae van die pedoterapie*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Richards, L O 1975. *Christian education: Seeking to become like Jesus Christ.* Grand Rapids: Zondervan.

Roux, C D 1988. Woordbediening aan die kind: 'n Hermeneutiese verantwoording. ThD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Storm, J M G 1996. Die kind in die erediens: Kerkhistories beskou. Ongepubliseerde voordrag.

Van Aarde, A G 1990. Die kerk as verbondsgemeenskap met besondere verwysing na die Bybelse perspektief op die kind. Ongepubliseerde referaat.

Van Eck, E 1996. Die kind in die erediens, vanuit die Nuwe Testament beskou. Ongepubliseerde referaat.

Van Loggerenberg, N T 1982. Kinderdienste. *Die Voorligter* 45(11), 37-38.

Van Staden, P 1991. *Compassion — the essence of life: A social-scientific study of the religious symbolic universe, reflected in the ideology/theology of Luke.* Pretoria: University of Pretoria. (*HTS* Suppl 4.)

Venter, S 1989. Die posisie van dooplidmate in die Gereformeerde kerke. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens interkerklike gesprek oor jeugwerk in die drie Afrikaanssprekende kerke in Suid-Afrika.

Viljoen, D 1989. "Paidocommunio". Ongepubliseerde referaat gelewer tydens interkerklike gesprek oor jeugwerk in die drie Afrikaanssprekende kerke in Suid-Afrika.

Vrijlandt, M A 1987. *Liturgiek*. Delft: Meinema.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services